# Laerskool Eligwa

9 Februarie 2024

Nuusbrief Nr. 2 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. ATLETIEK**

Die interlaer atletiekbyeenkoms vind plaas op Dinsdag, 13 Februarie 2024 by DP de Villiers stadion in Sasolburg. Daar sal dus GEEN skool wees op Dinsdag, 13 Februarie 2024 nie. Geen leerling sal afwesig gemerk word nie.
Die naskool sal wel oop wees vanaf 07:00. Die byeenkoms begin om 08:00 en die atlete gaan direk na die stadion. Baie sterkte aan al ons atlete.
Die Area Kampioenskappe sal plaasvind op 19 Februarie 2024 en die D8 – Kampioenskappe op 27 Februarie 2024. Baie sterkte aan al ons atlete wat deel sal wees van die byeenkomste. Baie dankie vir u ondersteuning tydens die seisoen. Dit was regtig lekker om die talle ondersteuners te sien. Baie dankie ook vir u positiewe gesindheid ten opsigte van die atletiek.

**2. HELP, HELP,HELP**

Een van ons ouers, waarvan die dogterjie in Gr. R is, se woonstel is baie erg in 'n brand beskadig. Ons benodig dringend die gemeenskap se hulp om hierdie gesin te ondersteun. Die behoefte is dan veral linne (lakens, komberse en duvets vir "queen size" beddens, handdoeke, badseep, seep,waslappe ens.) Die beddens moet ook vervang word indien daar mense is wat kan help.
U kan dit skool toe stuur en ons sal dan sorg dat dit by die ouers afgelewer word. Dankie byvoorbaat vir u ondersteuning.

**3. SPORT**

Baie geluk ook aan die volgende hokkiespelers wat gekies is vir die D8 - hokkiespanne: Kasia Fourie, Avery Gorrie en Keegan van Aswegen.
Baie sterkte aan al ons atlete wat aan die Areakampioenskappe en Distrikskampioenskappe gaan deelneem. Ons beste wense vergesel julle.

**4. ASSESSERING**

Ons is deurlopend besig met assessering. Volgehoue en pligsgetroue werk dwarsdeur die jaar bepaal sukses en nie net die formele assesseringsgeleenthede nie. Die formele assessering begin op Maandag, 12 Februarie 2024. Ondersteun asseblief u kind.

## 5. KLEREBANK

Die klerebank word bedryf deur Mev. Christelle Fourie vanaf haar woning. Indien daar enige behoefte is, kan u haar gerus kontak by 0760769294. Baie dankie vir u samewerking.

## 6. UITTEKEN VAN LEERDERS

Departementele regulasie bepaal dat enige persoon wat 'n kind uitteken gedurende skoolure, homself moet identifiseer deur middel van 'n identiteitsdokument. Daar sal 'n afdruk van die ID dokument gemaak word en dit sal saam met die uittekenkaart geliaseer word. Dankie vir u begrip en samewerking in die verband.

## 7. VALENTYNSDAG

Woensdag, 14 Februarie is Valentynsdag. Vir 'n bydrae van R5 mag leerlinge gewone klere aantrek OF R15 dan is dit gewone klere EN u kind kom ook in aanmerking vir 'n gelukstrekking vir 'n "hamper" met baaiiiee geskenkies ter waarde van R250. Die geld is vir die leierfonds. Dankie vir u ondersteuning.

## 8. SKOOLFONDS

Baie dankie vir die van u wat getrou u verpligtinge nakom. Ons herinner u weereens aan die uiteensetting van die skoolfonds soos in Nuusbrief 1 en aan die 8% korting wat u kan verdien as u voor of op einde Maart eenmalig u volle skoolfondsverpligtinge vir 2024 wil vereffen.

Indien u wil aansoek doen vir subsidie of reëlings wil tref met betrekking tot skoolgeld, moet u asseblief die nodige vorm by Mev.L. Swart in die kantoor afhaal. Dit moet asseblief volledig terugbesorg wees voor of op 29 Februarie 2024. Die Finansiële Komitee sal u in kennis stel of u aansoek geslaag het. **Geen aansoeke vir subsidie sal na 29 Februarie 2024 aanvaar word nie en die uitstaande rekening is dan u verantwoordelikheid.**

**Voogskap:** Let asseblief daarop dat slegs 'n amptelike bewys wat aantoon dat 'n leerling in voogskap geplaas is, aanvaar sal word om vir subsidie te kwalifiseer.

## 9. KRITERIA - PRESTASIEAAND

Die kriteria ten opsigte van ons jaarlikse prestasieaand is in die kantoor beskikbaar. U is welkom om dit by die skool te kom besigtig.

## 10. BEHEERLIGGAAMSVERKIESING

Die vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van 6 ouerlede vind plaas op Woensdag, 6 Maart 2024 om 17:30 in die skoolsaal. Die brief met al die inligting rakende die verkiesing is in u kind se besit.

## 11. KARNAVAL 2024

Die tema vir vanjaar se karnaval is DIE SIRKUS. Elke graad gaan 'n sirkuskarakter verteenwoordig. Ons gaan om 08:00 begin met 'n optog waar elke graad gaan aantrek soos die sirkuskarakter. Elke graad gaan ook 'n vaandel maak wat voor gedra sal word gedurende die optog waarna daar afgesluit sal word met 'n kreet. Die beplande datum is Vrydag, 3 Mei 2024. Die karnaval sal die Donderdagaand afskop met 'n hopaand en padkafee. Meer inligting volg later.

Leerlinge het vandag 'n borgvorm ontvang. Help asseblief u kind om elke blokkie te verkoop. Elke blokkie se waarde wissel van R5 tot R10. Die totale waarde van elke borgvorm beloop R150. Die blokkies word dan verkoop aan familielede (oupa, ouma, tannie,oom, vriende,ens.) Indien 'n kind 'n vol borgvorm inhandig, mag hy/sy **GRATIS** op die Rainbow Inflatables se toerusting speel. Daar sal ook weer watertand kos te koop aangebied

word. Elke graad gaan verantwoordelik wees vir 'n kosstalletjie.
Leerders gaan ook lekker waterkaskenades hou op Rainbow Inflatables se toerusting teen R80 per kind - **GRATIS** vir die leerlinge wat 'n vol borgvorm ingehandig het.
Kaartjies sal vooraf te koop aangebied word in 'n boekieformaat om 'n bottelnek op die betrokke dag te voorkom. Die boekies sal reeds vanaf 1 Maart 2024 beskikbaar wees in die kantoor teen R100 'n boekie (maatjies, boeties en sussies kan deel) – maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die kaartjieboekies en borgvorms is Woensdag 24 April 2024.
Nog pret wat die dag sommer baie lekker gaan maak is ponieritte, tatoes, speletjies, vang die koeldrankbottel, ens.
Hierdie is jaarliks een van die skool se groooooot insamelingsprojekte. Ons weet dit is baie moeilike finansiële tye, maar skole kry ongelukkig nie voldoende befondsing van regeringskant om suksesvol te funksioneer nie. Ons is op u, as trotse ouers, aangewese om Laerskool Eligwa na nog hoër hoogtes te vat.
U het 3 maandeindes om te beplan en te begroot vir die groot geleentheid. Kom koop u kos by die skool en ontspan saam met ons. Kom ons vat hande en geniet die dag saam met die kinders en personeel. Sonder u positiewe ondersteuning en gesindheid kan ons nie van die dag 'n sukses maak nie.

## 12.OPLAAI VAN GR.1-7 LEERLINGE NA SKOOL

Slegs hek 4 en 5 word in die middae na skool gebruik om die terrein te verlaat. Hek 4 sal om 12:45 oopgesluit word wanneer die Gr.1-leerlinge huis toe gaan en sal weer om 14:00 toegesluit word. Hek 5 sal om 13:45 oopgesluit word en sal dan oop bly tot 17:30. **GEEN** ouer mag binne die terrein parkeer nie. Bogenoemde reëlings is belangrik vir die veiligheid van ons kinders. Dankie vir die begrip in die verband.

## 13.POTJIEKOS WERELDREKORDPOGING

Daar gaan op Saterdag, 16 Maart 2024 'n poging aangewend word om 4 wêreldrekords te verbeter by die Emerald Casino. Skole en kerke asook ander gemeenskapsorganisasies is genader om deel te wees van die projek. Eligwa gaan deel wees van die poging om 'n wêreldrekord daar te stel vir die swaarste pot (3000kg). Vir elke pot wat ingeskryf word, is daar 2 gratis toegangskaartjies. Die toegangskaartjie sluit in 'n gratis potjiekosete en 'n gelukstrekking om 'n diamant ter waarde van R30 000 te wen. Daar is ook ander groot pryse op die spel. U MOET die aangehegde resep volg omrede al die potjies, nadat dit gaar gemaak is, in 'n reuse pot van 2m x 2m gegooi gaan word om die totale gewig te bepaal. U moet ook 'n nommer 3 of 4 potjie gebruik. (Ongeveer 10 borde kos) Aangeheg 'n skrywe met die inligting vanaf die "GOLDEN TRIANGLE CHAMBER OF COMMERCE".

## 14.RUGBY AANDREEKSE

Die volgende aandreekse word aangebied:
O/11 aandreeks by Laerskool Eligwa op 12 en 13 Maart 2024.
O/10 en 1ste span by Laerskool Midvaal 12 en 14 Maart 2024.
2de span by Vryheidsmonument 27 en 29 Februarie 2024.
O/11 en 1ste span by NWU 23 Februarie, 1 en 8 Maart 2024.
Baie sterkte aan ons seuns en afrigters.

**15. NETBAL AANDREEKSE**

Die volgende aandreekse word aangebied:
O/10 en 1ste span by Midvaal op 12 Maart 2024.
Al die netbalspanne by Emfulenipark op 13 en 14 Maart 2024.

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

The GOLDEN TRIANGLE
CHAMBER OF COMMERCE

Head Office: 777 Frikkie Meyer Blvd, Emerald Resort & Casino, Vanderbijlpark
Phone: +27 (0)16 018 0337 Web: www.gtcoc.co.za E- Mail: admin@gtcoc.co.za

**To whom it may concern** **17 January 2024**

**ROCKING THE VAAL – POTJIES KOS WORLD RECORD**

The good news is out! The GTCOC in collaboration with Emerald Resort and Casino is hosting an amazing event on 16 March 2024. The event includes a one-of-a-kind rock production, as well as the attempt to break four (4) Guiness World Records.

The records include:

| | **Current** | **Target (2024)** |
|---|---|---|
| 1. Longest Scarf Crocheted | 29.17 km | 36 km |
| 2. Most people breaking bread | 328 | 1 000 |
| 3. Most people spreading bread | 634 | 1 000 |
| 4. Most Potjiekos made in a day | new record | 3000kg |

After the success of the blanket drive, where we hand knitted the biggest blanket in the world. We decided that the time is right for another attempt to put the Vaal Triangle on the national and international maps. Double click on the link to watch a brief video of our 2019 success that we as a region have achieved!

World Record
Attempt Video - Ren

Tessa Pienaar CEO / Jaco Verwey – President / Stefan Olivier - Vice-President/
Tobie Venter – Internal Affairs / Alice de Jager - WCW / Ruan Vermaak –
Events / Nico vd Westhuizen – Legal / Danie van Deventer – CSI /
Carla de Villiers -Malan – Marketing / RC Lindeque – Recreation /
Sandy du Toit - Secretary

SBI The big voice of small business

We believe that schools and churches are at the heart of the community and that is also were giving back starts. Therefore we would like to invite you to be part of a World Record by joining us on Saturday, 16 March in making the biggest potjie in the world! A 3000kg potjie that can feed 10 000 hungry mouths.

How can you participate?

Each institution (school or church) can host their own "potjiekos" day at the event. All you have to do is sponsor the ingredient for your potjie. ***Please note that there is a set recipe to follow***. Recipe is ideal for a size 3 or 4 potjie.

In return, we will offer each institution the following:

- An allocated stall area (in accordance with the number of pots entered), where you will be preparing your potjie together with the best entertainment money can buy.
- Two free entrance tickets per potjie entered. An entry ticket includes dinner and a diamond drop ticket.
- The specific recipe that needs to be made – attached.
- We will donate R40/plate of food back to your institution. (Approximately R600 per pot).

If you are interest in joining us in making 3000kg of "potjiekos" contact Sandy on 071 623 9608 or email her at admin@gtcoc.co.za

This is a once in a lifetime opportunity to be part of something so big, it can change our area, and the people in it.

Click here https://bit.ly/47EK4ZI to like and follow our Facebook page to get all the updated news first!!!

Yours sincerely,

Jaco Verwey
President GTCOC

Tessa Pienaar CEO / Jaco Verwey – President / Stefan Olivier - Vice-President/
Tobie Venter – Internal Affairs / Alice de Jager - WCW / Ruan Vermaak – Events / Nico vd Westhuizen – Legal / Danie van Deventer – CSI /
Carla de Villiers -Malan – Marketing / RC Lindeque – Recreation /
Sandy du Toit - Secretary

SBI The big voice of small business

## ROCKING THE VAAL – LARGEST SERVING OF POTJIEKOS IN THE WORLD - RECIPE

## INGREDIENTS

- 2 kg beef shin / beef shortrib / beef brisket
- 3 large onions - roughly chopped
- 8 carrots - roughly chopped
- 12 medium potatoes - peeled and cut in 4
- 4 large tomatoes – cut in 4
- 2 red/green peppers
- 6 tsp mixed herbs
- 60ml oil
- 1,5L hot water
- 2 tsp sugar
- 30ml vinegar
- 50g oxtail soup powder
- 50g brown onion soup powder
- Salt to taste
- Black pepper to taste

## METHOD

- Place your size ¾ tripod potjie over hot coals or gas potjie stand
- Heat the oil. Add onions and peppers. Fry till soft. Remove from the pot and set aside.
- Add the meat to the pot and brown. Season with salt and pepper to taste.
- When the meat is browned, add 750ml of hot water mixed with oxtail soup powder. Add tomatoes. Close lid and simmer for 60 minutes.
- Add potatoes and carrots. Close lid and simmer for 30 minutes
- Mix 250ml water with brown onions soup powder, mixed herbs, sugar, vinegar. Add to pot. Close lid and let simmer for 30 minutes.

- Remove from heat, add fried onions and peppers, and let pot rest for 15-30 minutes.
- Ready to dish up

**NOTES**

- Do not stir pot after vegetables is added
- Extra water can be used to keep sauce to nice creamy texture
- Recipe can be multiplied for bigger pots